

7. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

Abram en Lot skei van mekaar - Genesis 13:1-13

Abram was later 'n baie ryk man met baie goud, silwer, vee en slawe. Lot het ook sy eie slawe en diere gehad. Hulle het rondgetrek in Kanaän totdat hulle weer by Bet-El gekom het.

Abram en Lot het hulle tente by Bet-El opgeslaan. Maar toe kom daar moeilikheid. Daar was nie genoeg weiveld en water vir al die vee nie, daarom het Abram en Lot se slawe stry gekry. Dit was verkeerd van hulle om onder mekaar te baklei, want die ander stamme daar naby, die Kanaäniete en die Feresiete, was alreeds hulle vyande.

Abram het toe met Lot hieroor gaan praat. "Ons is mos familie. Dis nie reg dat ons met mekaar stry nie. Die land is groot. Hier is genoeg plek vir ons altwee met al ons diere. Kies nou die deel waar jy wil bly, en ek sal die deel vat wat oorbly."

Lot het gesien die hele Kanaän is baie droog, maar by die Jordaanrivier is daar baie water en weiveld. Hy het toe langs die Jordaanrivier gaan bly. Abram moes maar in die droë Kanaän bly. Lot het sy tente gaan opslaan naby die dorp Sodom. Maar Sodom se mense was baie sleg. Die mense het verskriklik teen God gesondig.

7. Abram en Lot skei – Genesis 13:1-13

Inleidende aktiwiteit: “Sou jy eerder” speletjie. Deel die vertrek waarin julle speel in twee. Vra die Sou jy eerder vrae. Die kinders moet na die kant beweeg wat hulle kies.

Sou jy eerder...

- Wou rolskaats of ysskaats
- In 'n donderstorm wou wees of 'n aand waar die krag af is.
- 'n Wit muis of 'n hamster wees
- Spinasië of hoenderlewertjies met uie eet
- In 'n kamer wees met 'n by of 'n mier wat gedoop is in sjokolade eet
- 'n Kat of 'n hond wou wees
- Swem in die see of in 'n hysbak ry
- In 'n kamer vol slange wees of in 'n kamer vol spinnekoppe
- 'n Moeilike toets skryf of iemand van Jesus vertel
- In 'n tee koppie wil bly of onder 'n sampioen
- Reënboogkleure in jou hare wil hê of sebra strepe
- 'n Hond wil hê wat meow of 'n kat wat blaf
- Ontbyt met 'n beer wil hê of aandete met 'n walvis
- In 'n swembad vol marshmallows wil spring of 'n swembad vol jellie
- Stink asem hê of stink voete
- Vlieg of baie sterk wees
- Ruik soos 'n hamburger of ruik soos 'n hotdog
- Eerder olifant ore hê of 'n dinosaur stert
- Heel dag nies of heel dag hik

Vra:

- Wie hou daarvan om keuses te maak?
- Wie dink hulle maak goeie keuses?

Lees nou saam die Bybelstuk – Abram en Lot skei van mekaar

Vrae:

1. Hoekom het Abram en Lot se slawe gestry? (Elke groep wou die beste weiplek hê vir hulle baas se vee.)
2. Wie kon eerste kies? (Lot)
3. Het Lot die beste keuse gemaak? Hoekom/hoekom nie? (Nee. Lot het gekies om naby 'n stad te bly met baie slegte mense in.)

Aktiwiteit: Speel follow the leader. Om te kies om God te volg, is die beste keuse wat jy ooit kan maak. Wanneer ons kies om na God te luister en te doen soos Hy sê, sal ons nie so slegte keuse maak soos Lot nie.

Gebedsgids:

- Vra God om jou te help om Sy wil te kies bo jou eie.